

2 Mei

Skrifgedeelte: Filippense 1:3-11 (OAV)

Fokusgedeelte: Filippense 1:11

Dra vrug kragtens die aard van u geheiligde bestaan

'n Wonder – so kan die Christen beskryf word! 'n Wonder – u lewe is gemeenskap met Christus. Hy is vir u tot geregtigheid gegee. God het sy Seun gestuur om u straf te dra. Hy het vir u, vir ons, die geregtigheid bewerk. Hy het vir ons vryspraak verkry. Hy het die mag van die sonde oor ons verbreek. Deur die geloof is ons deel van Hom, van sy vlees en van sy bene (Ef. 5:30), tot goeie werke geskep (Ef. 2:10).

Hierdie wonder moet ons biddend leef. Die eis van die geloof is: Dra vrug kragtens die aard van u geheiligde bestaan. Vrug dra is 'n verlossingswerklikheid. Dit is die wonder van ons, die lote, se lewe in Christus, die Wynstok. Vrug dra – vir 'n boom is dit natuurlik, vanselfsprekend. Almal verwag van hom groei en vrugte. Só is dit met ons wat in Christus is. In Hom is die lewe; groei en edele geloofsvrugte. Deur die lewewekkende krag van sy Gees in ons word die geregtigheid van Christus in geloofsdade sigbaar. Deur sy Gees in ons breek die lewe kragtig deur die dood. Wat 'n wonder!

Ons kan God dien! Ons is gered om tot eer van God vrug te dra. Dit is ons lewe; natuurlik-nuut! Ons leef om te doen soos Hy dit deur sy Gees in ons werk. Dit maak ons bly. Dit is die bewys van die genade in ons. Hy laat ons tot lof van sy Naam vrug dra.

Ons het 'n wonder – die lewe in Christus – om te leef. Dra die vrug tot eer van God. Maak so, deur die vrugte, die genade van God in die wêreld sigbaar. Eer Hom voor die mense, dat hulle julle werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

Sing: Psalm 92:2, 7 (1936)

Ds. PJ (Petrus) Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)